*Dinsdag* **29**

**SKRIFGEDEELTE: RIGTERS 7:24 – 8:35**
**FOKUSGEDEELTE: RIGTERS 8:33-35**

**Om te weet en te doen wat reg is**

Na God se oorwinning oor die Midianiete sien die volk dadelik in Gideon die geleentheid om 'n mens te verhef. Hierin sien ons hoe ver hulle van God weggedwaal het. Anders as by die vorige rigtersverhale, hoor ons nie dat die volk hulle tot God bekeer nie. Hulle het wel om sy hulp geroep, maar nooit werklik tot bekering gekom nie. Daarom is dit so maklik om, selfs nadat God sy mag so duidelik geopenbaar het, 'n mens te wil verheerlik. Hulle wil Gideon koning maak.

Gideon het egter geweet wat reg is. Daarom weier hy die koningskap, want dit is God wat oor sy volk regeer. Dit is God wat die oorwinning behaal het, Hy regeer en geen mens kan sy plek inneem nie.

Het Gideon dan tog maar self gedoen soos hy geglo het! Hy lewer 'n pragtige uitspraak, maar net daarna doen hy presies die teenoorgestelde. Hy rig 'n goue afgodsbeeld op wat tussen God en mens kom staan en waarmee die volk verlei word om nog verder van God af te dwaal. So word die afbreker van Baäl se altaar (Jerubbaäl) weer deur Baäl oorwin. Alhoewel die volk se aardse vyande oorwin was en daar vir 40 jaar vrede was, het hulle harte die stryd teen Baäl verloor.

Ons weet ook wat reg is. Ons ken die Woord van God (die mensgeworde Woord en die skriftelike Woord) en daarom weet ons dat Christus oor ons lewe regeer. Ons doen en late vandag moet dit egter bevestig. Mense moet in ons woorde, gebare en dade sien dat Christus regeer. 'n Boom word aan sy vrugte geken.

Dóén jy ook wat reg is of wéét jy net wat reg is?

*Sing: Psalm 40:4*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*